

Verloop van die kerkregtelike proses

**Besluite van die Algemene Sinode:
Selfdegeslag verhoudinge**



Oorsig

- Inleiding
- Kronologiese verloop van die proses
- Die opskorting van die uitvoering van die besluit
- Proses vorentoe.....?



Inleiding:

- Locus standi van die ATR
- Reglement 7
- Taakspan van die Algemene Sinode
- Nie “ons” vs “julle” nie
- Bedien die ASM met advies wat kerkregtelike sake aan betref



Kronologiese verloop van die proses:

- **9 Oktober 2015:** Algemene Sinode neem besluite
- **21 Oktober 2015:** Telefoniese ATR-vergadering: Besluit op dringende ATR vergadering
- **10 – 11 November 2015:** ATR-vergadering: Regsadvies - Advies aan ASM



Kronologiese verloop van die proses:

- **16 -18 November 2015:** ASM: Uitvoering van besluit opgeskort a.g.v. Appéle
- **27 November 2015:** Brief aan ASM (65 teoloë)
- **30 November 2015:** Moderatuursvergadering
- **8 Desember 2015:** Appél teen advies van ATR
- **13 Januarie 2016:** Handeling Deel 1 elektronies gepubliseer



Kronologiese verloop van die proses:

- **13 Januarie 2016:** Amptelike aanvang van 21 dae vir kennis van appél
- **3 Februarie. 2016:** Amptelike aanvang vir gronde van appél
- **24 Februarie. 2016:** Amptelike einddatum vir gronde vir appél
- **2 Maart 2016:** ATR vergader om proses vorentoe te bespreek met advies aan ASM 14 -16 Maart 2016



Die opskorting van die uitvoering van die besluit

- Reaksie op besluit van 9 Oktober 2015: Individue, gemeentes, ringe en sinodes
- ATR telefoniese vergadering: 21 Oktober 2015
- Eerste Appél teen die besluit
- ATR-vergadering: 10 -11 November 2015
 - Regsmenings
 - Mnr. Chris du Plessis, Oudregter Willie Hartzenberg ter vergadering
 - telefoniese bevestiging van twee advokate



Die opskorting van die uitvoering van die besluit

- Appél teen die besluit
- Van die heel eerste gereformeerde kerkordes: reg tot appél!
- **Kerkorde Artikel 23.1** *Die besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigdes is bindend , maar daaroor kan in appél na 'n meerdere vergadering of die meerdere vergadering se gevolmagtigde gegaan word.*
- **Kerkorde Reglement 19.5**



Die opskorting van die uitvoering van die besluit

5. APPÈL OF BESWAAR TEEN BESLUIE VAN DIE ALGEMENE SINODE OF SY GEVOLMAGTIGDE

5.1 Lidmate of 'n kerkraad of 'n ring of 'n sinode wat 'n beswaar op grond van die Bybel, die Belydenis en/of die *Kerkorde* teen die besluit(e) van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde het, kan binne die toegelate tyd (vergelyk 6.2 en 6.3 hieronder) skriftelik by die Algemene Sinode se gevolmagtigde appèlliggaam (die Algemene Steunspan Regte ingevolge 3.1.5 van die *Reglement vir die Algemene Steunspan Regte*) of die eersvolgende Algemene Sinode daarteen appelleer of beswaar aanteken. Die appellant of beswaarde gee daarvan kennis aan die Moderamen of aan die Sinode.



Die opskorting van die uitvoering van die besluit

- ATR-vergadering 10 en 11 November 2015: Regsadvies as gevolg verskeie navrae
 - Doel van die ATR – vgl. Reglement 7
 - Gemenerereg: **Hooggereregshofreël 49**: Appél skort die uitvoering van die besluit op.
 - Nauta, Bouwman, Van Dellen en Monsma
- ASM November 2015 neem kennis van die advies
- Nie die ATR of ASM **neem 'n besluit** om besluit op te skort nie



Die opskorting van die uitvoering van die besluit

- Gegewe uit die gemenerereg omdat die Kerkorde dit nie reël nie
- Eie reëls, Statutêre wette, Grondwet
- 27 Nov 2015: Brief van 65 aan die ASM – Vra vir 'n ander proses: Sien aanbeveling van ATR
- 8 Des 2015: Appél teen die advies van die ATR = “Nullieteit” (Oudregter Hartzenberg)
 - Geen besluit om teen te appéleer nie



Die opskorting van die uitvoering van die besluit

- 24 Februarie 2016: 21 Apéle vs SGV en 3 vs Belhar
- ATR vergader op 2 Maart 2016
- Bespreek verskillende opsies oor pad vorentoe
- Regsadvies: Mnr. Hans Oosthuizen



Aanbevelings van die ATR

Aanbeveling:

- 7.1.2.1 Die vergadering neem kennis daarvan dat die ATR optree as appèlkommissie van die Algemene Sinode of wys uit eie geledere so 'n gevolmagtigde appèlliggaam aan om die appèl te hanteer (Regl 7, pt 3.1.5) en dat daar na die Algemene Sinode geappelleer kan word (Regl 19, punt 5.1).**
- 7.1.2.2 Die vergadering oordeel dat die ATR nie as appèlliggaam kan optree oor die besluite van die AS rakende selfdegeslagverhoudinge, die Belydenis van Belhar en die wysiging van Artikel 35 nie. As motivering die volgende:**
- 7.1.2.2.1 dat daar na die Algemene Sinode geappelleer kan word (Regl 19, punt 5.1),**
- 7.1.2.2.2 dat leerstellige sake ook deur die Algemene Sinode hanteer kan word (Art 44.4), en**
- 7.1.2.2.3 dat bykans al die lede van die ATR reeds betrokke was by van die AS.**
- 7.1.2.3 Die ATR oordeel dat in die lig van 7.1.2.2 hy ook nie appèl hanteer wat op kerkordelike of prosedurele foute wys nie.**



Aanbevelings van die ATR

7.1.2.4 Die ATR bevestig dat die eersvolgende Algemene Sinode die appèlle hanteer.

7.1.2.5 Die ATR beveel aan dat:

7.1.2.5.1 die ASM 'n projekspan aanwys om voorbereidende werk vir bogenoemde te doen (Regl 1, punt 3.2.2),

7.1.2.5.2 die projekspan soos volg saamgestel word:

7.1.2.5.2.1 twee verteenwoordigers wat nie by die vorige Algemene Sinode was nie, aangewys deur elke sinode/sy gevolmagtigde,

7.1.2.5.2.2 die projekspan het die reg tot koöpsie, en

7.1.2.5.3 die aktuaris van die Algemene Sinode as sameroeper die projekspan konstitueer waarna hy hom onttrek.



Aanbevelings: Brief van 65

Aanbeveling:

- 10.1.1 Die vergadering neem kennis van die versoek van die Moderatuur dat die ATR die ASM adviseer oor die hantering van die brief.***
- 10.1.2 Die ATR beveel aan dat die ASM kennis neem van die brief.***
- 10.1.3 Die ATR volstaan by die advies wat hy ontvang en aan die ASM deurgegee het.***
- 10.1.4 Die ATR wys daarop dat daar wel appèl oor leerstellige sake ingedien kan word (Regl 19, punt 5.1).***
- 10.1.5 Die ATR het 'n weg aanbeveel waarop die appèlle op die mees spoedige wyse hanteer kan word (vergelyk besluite by punt 7.1.2)***



Die moontlikheid van regsaksie?

- Dreigemente van 'n interdik:
 - 3 sake ter sprake:
 - Dringendheid
 - Benadeling
 - Interne remedies
- Regsadvies: Sal moeilik slaag



ASM 14 – 16 Maart 2016

- Beswaar teen die aanbevelings van ATR
 - Saak terugverwys na die ATR
 - ASM se advies: roep sekundi van ATR op vir die hantering van die appèlle
 - ATR-jaarvergadering DV op 24 en 25 Mei 2016
- Kennis van revisie
 - Sal hanteer word deur ASM-vergadering 5 tot 7 September 2016